

## Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Mei 2018 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 119:13, 14 (p. 589)

- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt  
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.  
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.  
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.
- 14 Dan sal 'k wandel in die ruimte, / want ek wandel in u spoor.  
Selfs voor konings spreek ek daarvan / en ek skaam my nooit daaroor.  
Aan u wet, my hoogste vreugde, / is my liefde toegewy:  
daaraan dink ek, daarna soek ek, / daarin, HEER, verdiep ek my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 116:1, 5 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;  
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my tranes;  
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

**Skriflesing:** Filippense 1:27-2:17; Heidelbergse Kategismus, Sondag 32

**Kernvers:** Filippense 2:12-13

**Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.**  
(Filippense 2:12-13 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?**

*Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldaad (a) en hy deur ons geprys word (b). Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry (c) en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).*

*(a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17; Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.*

**Vraag 87: Kan dié mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?**

*Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodsdienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a).*

*(a) 1 Kor 6:9, 10; Efes 5:5, 6; 1 Joh 3:14.*

**Tema:** Uit die vrugte van 'n mens kan jy weet of hy regtig verlos is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, Sondag 32 is die begin van die derde deel van ons Kategismus. In die eerste deel – Sondag 2 tot 4 – bely gelowiges hoe groot hulle sonde en ellende is. In die tweede deel – Sondag 5 tot 31 – bely hulle hoe God deur Jesus Christus hulle van hulle sondes en ellende verlos. Van Sondag 32 af tot aan die einde van ons Kategismus bely gelowiges hoe hulle God dankbaar kan wees vir so 'n groot verlossing. En die twee sake wat in detail aan die orde kom in die derde deel is die Tien Gebooe en die gebed. Dit wil sê, die dankbaarheid vir die verlossing van die gelowige sal sigbaar word in sy dae en hoorbaar in sy woorde. Aan die vrugte wat 'n boom oplewer kan 'n mens agterkom of dit 'n goeie boom is.

Jesus het dikwels hierdie beeld uit die natuur gebruik wanneer Hy byvoorbeeld van ware en valse profete gepraat het. Hierdie beeld is ook van toepassing op 'n mens self as jy wil seker wees dat jy regtig verlos is.

Broers, susters en kinders, wanneer ons die naam *Christen* hoor, dink ons gewoonlik aan iemand wat deur Jesus Christus verlos is. Daar is baie mense wat maklik die naam *Christen* op hulleself van toepassing maak. In ons land is die meerderheid mense, volgens sensus-opnames wat in die verlede gedoen, Christene. Ek dink as 'n mens hulle sou vra hoekom hulle hulself Christene noem, sal jy antwoorde kry soos: Ek lees Bybel en ek bid, of ek woon so nou en dan 'n erediens by, of ek neem deel aan 'n evangelisasie-uitreik. Hulle almal sal antwoord dat hulle glo daar is net een God.

Om Bybel te lees en te bid en deel te neem aan eredienste en daarby ook nog deel te neem aan 'n uitreik om die evangelie aan ander mense te bring is, is verseker dinge wat 'n mens doen as jy 'n Christen is. En dit is beslis nodig om te glo. Maar 'n mens moet jousef afvra of dit dan al is waaraan 'n mens kan agterkom of iemand 'n Christen is?

As dit al is wat 'n mens moet doen om jousef 'n Christen te noem, is dit maklik. Dan is dit ook geen wonder dat amper tagtig persent van Suid-Afrika sê dat hulle Christene is nie. Jy staan maar net 'n paar minute per dag af aan Bybellees en bid. So nou en dan 'n uur in die week om by 'n erediens te wees. En as jy regtig daarvoor lus is, kan jy deelneem aan evangelisasie, maar dit is nie verpligtend nie.

Kom ons kyk ook vanuit 'n ander hoek om seker te maak of jy jousef regtig 'n Christen kan noem as jy hierdie paar dingetjies doen. Toe die duiwel vir Jesus versoek het, het hy dit twee maal gedoen deur uit die Bybel uit aan te haal. Ons weet dus dat die duiwel die Bybel ken. Hy weet ook wie Jesus Christus is. Die duiwels glo daar is net een God en hulle sidder. Wanneer Jesus die gelykenis van die saaiër verklaar, sê Hy dat die mense wat die Woord met blydschap aanvaar het, soos die saad wat op die klipbank geval het, ook geloof gehad het. En as 'n mens die hele gelykenis bekyk, kan 'n mens met vrymoedigheid aanneem dat daardie mense nie regtig verlos is nie, want hulle lewens het niks opgelewer nie. Om die Bybel te lees en dit te ken en om te sê jy glo en so ietsie van Jesus te vertel

kan dus nie al wees wat 'n mens as 'n Christen kwalifiseer nie.

Dat 'n mens in Jesus Christus moet glo om gered te word, is belangrik. Daar is nie 'n ander Naam op die aarde gegee waardeur God mense wil red nie. Dit is wat Paulus en Silas tog vir die tronkbewaarder in Filippi gesê het. Dit is immers net Jesus Christus wat 'n mens met sy volmaakte offer van die sonde en oordeel van God kan verlos. Maar dit is nie waar die Here met 'n mens ophou wanneer Hy 'n mens verlos nie. In die woorde van ons Dordtse Leerreëls bely ons: ***Hulle wat God volgens sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie.*** (Dordtse Leerreëls 5:1)

Hoor u? Deur die offer van Christus word die uitverkorenes van hulle skuld verlos. Die Here het hulle verlos van die heerskappy en slawerny van die sonde. Maar hierdie verlossing waaraan die Heilige Gees die mens laat deel kry wanneer Hy aan die mens die weder-geboorte skenk, maak daardie mens nie sondeloos nie. Daar bly nog 'n sondige natuur in die gelowige voortbestaan en dié sterf maar baie stadig. Vir 'n gelowige vat dit sy hele lewe lank om hierdie sondige natuur te laat sterf. En dit is hierdie sondige natuur wat elke dag sy kop in 'n gelowige se lewe uitsteek. Daarom gebeur dit dat gelowiges vir wie Jesus Christus verlos het nog steeds sonde doen.

Dit is hierdie sondige natuur wat in mense teenwoordig is wat hulle wysmaak: Ag, as jy maar net glo dat Christus vir jou aan die kruis gesterf het, hoef jy regtig nou nie meer so baie te doen nie. So 'n bietjie Bybellees en af en toe se erediens sal genoeg wees om jou aan die Here te herinner. Verder kan jy eintlik maar met jou lewe aangaan soos wat jy voorheen daaraan gewoond was – jouself besig hou met die aardse dinge. En so redeneer die meeste mense wat hulleself so maklik Christene noem.

Jesus het self gesê dat nie almal wat vir Hom *Here, Here* sê die ewige lewe sal kry nie. Net hulle wat die wil van sy Vader doen, sal gered word (Matt 7:21). In een stadium het iemand vir Jesus gevra of die wat gered word dan min is. Luister net wat het Jesus hom geantwoord:

**Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.** (Lukas 13:24 AFR53)

In ons kernverse word die Filippense deur die Here aangesê om hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk. Laat ons sommer nou al sê dat hierdie woorde in Filippense en dit wat Jesus geantwoord het nie sê dat 'n mens self sy eie verlossing kan bewerk of veroorsaak nie. Dit is net Jesus Christus alleen wat 'n mens uit die heerskappy van die sonde en die duiwel kan verlos. Dit is net die Heilige Gees wat met die Woord aan 'n ongelowige die wedergeboorte kan skenk sodat hy in Jesus Christus sy Verlosser kan glo. Maar dan is die verlossing van die mens nog glad nie afgehandel nie, want in hom bestaan daar nog die sondige natuur.

Daarom sê die Here vir die gelowige dat hy nou sy eie heil met vrees en bewing moet uitwerk. Omdat die gelowige verlos is deur Jesus werp hy alles in die stryd om sy verlossing te bevestig. Hy sê dus nie maar net dat hy deur Jesus Christus verlos is nie. Hy leef hierdie verlossing deur Christus uit met alles wat hy het. Wat doen hy om hierdie verlossing uit te leef? Hy gehoorsaam die Here in alles en hy gehoorsaam Hom voluit. Jy kan tog nie vir Jesus jou Here noem as jy nie doen wat Hy sê nie.

Daar is in die Ou Testament 'n sprekende beeld om ons te help verstaan wat met vrees en bewing bedoel word. Toe die Here sy volk in die beloofde land ingebring het, het Hy sekere stede as asielstede aangewys (Jos 20). Wanneer iemand onopsetlik die dood van iemand anders veroorsaak het, kan die skuldige na een van daardie stede vlug. Wanneer hy binne die poorte van daardie stad is, mag die familielid van die oorledene niks aan daardie man doen nie totdat 'n wettige vergadering plaasgevind het nie. Maar voordat die man die asiel-stad bereik, kan 'n familielid van die oorledene die dood van sy familie op die man wreek. Daardie man wat per ongeluk die dood van iemand veroorsaak, sal nie een sekonde mors nie. Hy sal sy beentjies stomp hardloop om so gou as moontlik in 'n asielstad kom, want sy lewe is nou op die spel.

Hoe gaan ek en jy weet of ons nie ook maar net praatjies maak dat ons verlos is nie? Ons gaan kyk hoe gretig is ons om die Here Jesus te gehoorsaam. Brand dit in jou om te doen wat die Here vir jou sê? Paulus wil hê dit moet so in die Filippense brand om te doen wat die Here vir hulle gesê het, want dit brand in hom. Hy beskryf dit in die volgende hoofstuk juis so. Hy wil een met Jesus Christus wees deurdat hy al die ander dinge los om net besig te wees met wat die Here van hom verwag. En dan sê hy:

**Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.** (Filippense 3:12 AFR53)

Hoe kry 'n mens dit reg om jou eie verlossing met heil en bewing uit te werk? Jy laat jou deur die Heilige Gees lei en oefen om in pas met Hom in die voetspore van Jesus Christus te volg. Jy volg die Here Jesus, want wat Hy doen is reg in die oë van die Here. Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy vir die Filippense sê dat **dit God is wat in hulle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae**. Die Heilige Gees wys aan die gelowige in die Woord wat hy moet doen, want die Heilige Gees is besig om die beeld van Christus in die gelowige te herstel.

Die gelowige wat doen wat die Here sê en dit doen sonder om te kla, sal agterkom dat hy mettertyd onberispelik en opreg word. Minder en minder kan ander mense rede kry om hom van iets verkeerd te beskuldig. Maar wat nog meer is, is dat hy dan as kind van God skyn soos 'n lig in die wêreld wat vol krom en verdraaide mense is. Omdat hy die Here gehoor-saam, gaan daar van sy lewe af 'n invloed uit in die samelewing. Deur sy doen en late word hy 'n voorbeeld vir ander mense omdat hy in pas met die Heilige Gees doen wat die Here Jesus vir hom sê.

As iemand dan vir jou sê dat hy 'n Christen is, kan ons hom maar vir eers op sy woord vat, want ons kan nie in sy hart sien nie. Maar of sy woorde die waarheid is, sal uit sy doen en late en uit sy woorde vir jou sigbaar en hoorbaar word. As hy dan werklik 'n Christen is, sal die Heilige Gees mos in sy hart aan die werk wees. En as die Heilige Gees in sy hart aan die werk is, sal hy sy verlossing ook met vrees en bewing bevestig. Hy sal nie tyd vermors nie, maar hy sal alles doen wat die Here vir hom sê in sy Woord.

Dit bring ons dan by ons belydenis in Sondag 32. Omdat Christus die gelowige sonder enige verdienste van sy kant af uit genade verlos het, wy hy sy lewe toe aan die goeie werke wat God vir hom bestem het. Christus het hom immers verlos en die Heilige Gees aan hom gegee om die goeie werke te doen.

Die feit dat Christus die gelowige verlos het, is die eerste rede hoekom die gelowige goeie werke doen. Dit is soos Paulus sê: Hy jaag om dit te kan gryp omdat Christus Jesus hom gegryp het. In die antwoord bely die gelowige nog vier verdere redes waarom hy gedring word om goeie werke te doen.

Met sy goeie werke wys hy dat hy dankbaar is teenoor God omdat Jesus Christus hom verlos het. Dit is immers waarom die Here ook sy wet aan sy volk gegee het. Hy het hulle eers verlos uit Egipte en toe het Hy die wet aan hulle gegee. Wanneer die Tien Gebooie afgekondig word, word die gelowiges telkens herinner daaraan dat hulle verlos is, en omdat hulle verlos is, gaan hulle en wil hulle die Here gehoorsaam. Hulle wil vir Hom dankie sê met hulle lewe.

Deur die goeie werke van die gelowige word God geprys. As die goeie werke die mens se eie werk was, dan kon hy daarvoor vereer word. Maar goeie werke is nie die gelowige se eie werk nie. Dit is God wat in die gelowige werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. Daarom vereer die gelowige vir God omdat God in hom aan die werk is om goeie werke te kan doen. En wanneer gelowiges ligte is wat skyn vir die wêreld, sien die mense hulle goeie werke en hulle vereer God omdat Hy so 'n groot verandering in die gelowige bewerk het.

Die volgende rede vir goeie werke is dat die gelowige uit die vrugte van sy geloof – die vrugte van sy geloof is die goeie werke – sekerheid kry dat hy werklik verlos is en dat God hom as kind aangeneem het. Deur die Woord gee die Heilige Gees aan gelowiges sekerheid van hulle verlossing en met die sakramente gee die Here sekerheid. En nou kan die ge-lowige daagliks uit die werke wat hy gehoorsaam doen aan die Here ook nog meer verseker word van sy verlossing.

En die laaste rede vir die goeie werke is dat die gelowige met sy godvresende lewe ook sy naaste vir Christus kan wen. Daar is 'n verband tussen hierdie rede en die rede dat God deur gelowiges se goeie werke geprys word. Wanneer ongelowiges die goeie werke van gelowiges sien, kom hulle agter hoe goed God is. En sou dit gebeur dat die ongelowige uitvra waarom jy goeie werke doen, kan jy van Christus begin vertel. So wil God mense vir Homself wen.

Broers, susters en kinders, as ons sê dat ons in Jesus Christus glo, dan sal dit mos ook in ons woorde en dade gehoor en gesien kan word. Laat elkeen sy eie lewe ondersoek om te sien of sy doen en late ooreenstem met die naam wat hy graag dra – Christen. Kom ons staan mekaar ook by en spoor mekaar aan tot liefde en goeie werke, sodat God verheerlik kan word.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 116:4, 7, 10 (p. 569)

- 4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.  
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.
- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?  
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.  
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
13 Mei 2018